




CACHET
GEREFORMEERDE KERK

11 September 2022



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae om 09:00 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays at 11:00

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikante

Ds. Brahm Robinson – 064 656 1374;

brahmrobinson@gmail.com

Ds. Noah Kim – 082 593 6428;

solaprochristo@hotmail.com

Kontakpersone & Inligting **Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com
Jonette Terblanche – 071 563 5165
Jonetteterblanche@gmail.com

Koster en PowerPoint:

Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Pieter Deyssel –
079 695 0027

**Preekopnames:**<http://gkcachet.org.za/preke/>**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**<https://npwepener.wixsite.com/website>**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Jubila-voorsitter:

Frikkie Deyssel – 079 695 0119
Frikkie4deyssel@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Ds. Brahm Robinson

Skriflesing: Eksodus 4:18-26

Tema: Die Here eis totale gehoorsaamheid in sy verbond



Aanddiens

Ds. Brahm Robinson

Skriflesing: 1 Timoteus 4:1-5

Tema: Die evangelie bevry ons om God se goeie gawes te geniet





Juig, o volke, saam, loof die Heer se Naam.
Prys met handgeklap God se koningskap.
Bring die Koning eer wat oor ons regeer.
Ja, oor elke land strek sy heersershand.

Psalm 47:1a (Cloete)

Lief en Leed:

- † Die doop word Sondagoggend aan klein Marco bedien, die verbondskindjie van Morné en Anica Schoeman. Baie geluk aan die ouers en familie!




Liefdegawes:



Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>


Oggend 1ste kollekte:
Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:
GK Cachet diakonie
ABSA Tjekrekening
0670280012
Takkode: 632005
Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid (deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:



<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>


Aand 2de kollekte:
Cachet Kinderkamp

EFT vir kollektes:
GK Cachet diakonie
ABSA Tjekrekening
0670280012
Takkode: 632005
Verwysing:

- Cachet Kinderkamp (deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:


<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

ABSA Tjekrekening
 0670340023
 Takkode: 335138
 Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

Laat almal juig met blye galme; sing voor die Heer jul vreugdepsalme ~ Psalm 105:2a

9	September	Rynhardt Landman
9	September	Adriaan Minnaar
10	September	Jakus Bogenhofer
12	September	Marcus Robinson
13	September	Seoeun Shin
14	September	Theuns de Bruyn
14	September	Christa Kruger



Administratief



1. Attestaat vertrek

~ Jessica Schutte met reis-attestaat terug na *GK Potchefstroom-Suid*.



2. Ampsdraer

Die kerkraad hou die naam van broeder Paul Molete voor ter approbasie om in die amp van diaken bevestig te word.



3. Broeders- en sustersaksie

Dinsdagaand sal daar 'n broeders- en sustersaksie wees. Die besonderhede sal op die WhatsApp-groepe uitgestuur word.

GK Cachet nooi alle laerskool
kinders en hul ouers na die

Kinder kamp

16-18 SEPTEMBER 2022

NOOITGEDACHT KAMPTERRAIN

Kamp kostes p/p:
Volwassene/Hoërskool R270
Laerskool R200
Voorskool R100

**Registreer op goooglevorm
of kontak die kantoor:
079 494 7360**

Registreer: [Kinderkamp](#)

Fokus op die koninkryk van God



SOEK
eers die KONINKRYK VAN GOD
MATTEUS 6:33



KRUISPAD
e-tydskrif

maandeliks
gratis
gereformeerd

Hoe en wat dink jy oor die koninkryk van God? In die Evangelies lees ons op byna elke bladsy van die koninkryk van God. Die onderwerp van Jesus se heel eerste preek, toe Hy met sy openbare prediking begin het, was: "Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom."

As Jesus preek, dan bring Hy die boodskap van sy koninkryk. Dit is die kern van Jesus se verkondiging. Jesus se gelykenisse gaan oor die geheimenisse van sy koninkryk. Lukas 8:10 maak dit duidelik. As Jesus ons leer om te bid, wat beveel Hy ons onder andere? Dat ons moet bid: "... Laat U koninkryk kom," (Matteus 6:10).

En vir ons wat ons bekommer oor wat ons sal eet en aantrek sê die Here: "soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word," (Matteus 6:33). Jesus word gekruisig en wat staan daar profeties bo-aan die kruis geskrywe? "Jesus, Koning van die Jode!"

Toe Jesus opgestaan het uit die dood en opgevaar het na die hemel het Hy sy apostels agtergelaat. In Handeling 19:8 lees ons: "Paulus het drie maande lank met vrymoedigheid in die sinagoge geredeneer oor die koninkryk van God en die mense daarvan probeer oortuig." Dit is baie duidelik: ons moet deurentyd en altyd gemoeid wees met die koninkryk van God. Ons moet, inderdaad in die woorde van ons Here, die koninkryk van God soek.

Ds. Marnix Boersema (Gereformeerde Kerk Graaff-Reinet)



Vestig jou oë op die ewige koninkryk van God

God belowe die volmaakte koms van die koninkryk. Verstaan jy wat die koninkryk van God is – nou en vir ewig? [Lees hier.](#)



Die bergrede as die grondwet van God se koninkryk

Verstaan jy hoe die bergrede ons riglyn vir die lewe is? [Lees hier](#) wat dit vir ons sê oor hoe ons as burgers van God se koninkryk moet lewe.

Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

September 2022

**Moenie toelaat dat die leuen jou
hoop steel nie**

**“Hier volg die nuus ...”
– In U Lig**

[www. gksa.org.za](http://www.gksa.org.za)



Inhoud

September 2022



JAARGANG 123, NO. 3370
September 2022

- | | |
|---|---|
| <p>1 VAN DIE REDAKTEUR
Wat gebeur tussen sterwe en opstanding?</p> <p>4 UIT DIE WOORD
Moenie toelaat dat die leuen jou hoop steel nie</p> <p>6 REDAKSIONEEL
Calvyn en die gebed (4)</p> <p>8 BRANDPUNT
Ongelowige verwondering ... of gelowige bewondering?</p> | <p>FOKUS</p> <p>10 "Hier volg die nuus ..." – In U Lig</p> <p>12 Johan Retief se reis is nog nie voltooi nie ... (2)</p> <p>14 Sinodeskatte – 7 – SINODE 1879</p> <p>16 Gereformeerde Onderwys – Hoekom? (5)</p> <p>18 Gekroon tot diens (3)</p>
<p>21 Lief en Leed</p> <p>22 Kerklike administrasie</p> <p>23 Kleinadvertensies</p> |
|---|---|

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
 KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
 ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R343
 Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R493
 Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R464
 Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R143

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Wat gebeur tussen sterwe en opstanding?

Die dood kom op elkeen van ons se pad. In Psalm 89:17 sing ons: "Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? Geeneen wat teen dié mag sy lewe kan behou nie."

Daar is egter ook weer 'n opstanding uit die dood, op die laaste dag. Vir ons as gelowiges is dit deel van ons troos om te weet wat in die tyd tussen die sterwe en opstanding gebeur.

Wat bely ons?

Ons bely in Vraag en Antwoord 57 van ons Heidelbergse Kategismus dat ons siel ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word, en dat ons liggaam en ons siel op die dag van die opstanding weer met mekaar verenig sal word. Ons doen hierdie belydenis onder andere op grond van Lukas 23:43; Job 19:25, 26; 1 Johannes 3:2; 1 Tessalonisense 4:13-18 en Filippense 3:21.

Daar is dus 'n tussentyd of 'n tussentoestand tussen die oomblik van ons dood en die dag van die opstanding, die dag van die wederkoms van Christus. Vir sommige is hierdie 'n baie lang tyd. Vir ander sal dit 'n baie kort tyd wees. Sommige sal selfs in 'n oomblik verander word, by die laaste basuin (1 Kor. 15:51, 52)

Wat gebeur in hierdie tyd?

Die vraag is nou wat in hierdie tyd gebeur. By sommige in die vroeë kerk het byvoorbeeld die opvatting bestaan dat die siele van die afgestorwenes by die dood nie dadelik in die hemel of die paradys of die stad van God is nie, maar in 'n onsigbare verblyfplek wat God aan hulle gee, en waar hulle die opstanding van die vlees en die aanskouing en genieting van God afwag.

Dit is die doderyk. Soos Christus drie dae in die doderyk vertoef het om die heilige dode daaruit te verlos, vertoef ook dié wat aan Hom behoort, in die

doderyk (Hades). Trouens, elke mens is daar. En almal ontvang voor die eindgerig 'n woonplek of 'n verblyfplek wat hulle waardig is, die gelowiges in die skoot van Abraham en die ongelowiges in pyn en smart. Hierdie opvatting was in die vroeë Christelike kerk vry algemeen.

In die Roomse Kerk het later die sogenaamde leer van die vagevuur ontwikkel. Dit sou dan 'n plek wees waar diegene vertoef wat nog nie heilig genoeg was om in die hemel opgeneem te word nie. Hulle moes eers meer geheilig word in 'n louteringsvuur of vagevuur. Daar kan ook vir hulle sondes betaal word met geld of goeie werke van gelowiges wat nog leef.

So hang die leer van die vagevuur saam met die leer van die verdienstelikheid van die goeie werke in die Roomse Kerk. Rome het hom vir hierdie leer veral beroep op Matteus 5:22, 25 en 1 Korintiërs 3:13, 15.

Ons verwerp hierdie leer hoofsaaklik op grond van die Bybelse verkondiging dat ons alleen uit genade, deur die geloof, voor God geregverdig word, verlos word op grond van die soenverdienste van Christus. Hy het die volle straf gedra en vir ons die volkome verlossing bewerk. In die oomblik van die dood gaan God se kind volkome geheilig die heerlijkheid binne.

Verder verwerp ons ook die dwaling van die sogenaamde sieleslaap wat daarop neerkom dat die siel deur die sterwe, losgemaak van die liggaam, in 'n

Ons moet op grond van die Bybel aanvaar dat daar wel 'n weersien van mekaar ná die dood is (vgl. Luk. 16:9; Jes. 14:9, 10; Matt. 17:3). Ons moet egter onthou dat alle aardse verhoudinge daar wegval. Die aardse bande wat ons hier aan mekaar gebind het, bestaan daar nie.

toestand van bewusteloosheid ingaan en in diepe slaap neersink.

Hierteenoor stel ons dat die Bybel alleen die dood 'n slaap noem omdat daar 'n sekere ooreenkoms bestaan in dié sin dat die dood, soos ook die slaap, ons losmaak van alles wat om ons gebeur, ons werk en alles wat die lewe van ons eis, die bande breek wat ons aan die aardse lewe bind.

Verder leer die Bybel dat die saliges ná die dood lof toebring aan God en die Lam; dat die siele onder die altaar tot God roep (Op. 6). God se kinders verloor nie die ewige lewe by hulle dood nie. En hierdie lewe kan nie in 'n toestand van bewusteloosheid versink nie.

Positief gestel, kan ons dan sê die Bybel leer dat die siel ná hierdie lewe en tot met die opstanding van die liggaam in 'n bewuste toestand van geluksaligheid verkeer. Die gelowige sterf "in die Here" en dien Hom dag en nag. Vergelyk in hierdie verband onder andere Filippense 1:21, 23.

Ook die gelykenis van die ryk man en Lasarus spreek van 'n bewuste bestaan ná die dood, asook die feit dat die siele onder die altaar steeds biddend betrokke is by die volvoering van God se Raadsplan (Op. 6:9, 10). Hulle leef en regeer saam met Christus. Vergelyk ook Johannes 11:25, 26.

Die Bybel leer ook dat die gelowiges ná hierdie lewe die rus in die Vaderhuis ingaan. Ons moet hierdie rus positief sien as 'n rus van ons aardse daaglikse arbeid met al sy moeite, 'n rus van die stryd teen die sonde en aanvegtinge. Dit is 'n Sabbatsrus (Heb. 4). Verder bestaan die lewe ná die dood uit diens aan God (Op. 7:15).

Verskeidenheid in die hemel
Daar sal in die hemel, soos ook nou hier op die aar-

de, 'n ryke verskeidenheid wees. Daar is baie wone. Elkeen se werke volg met hom/haar (Op. 14). In die hemel is daar nie 'n grou eentonigheid nie, maar veelkleurige verskeidenheid.

Die loon in die Vaderhuis

Die Skrif leer op baie plekke dat die saligheid in die hemel ten nouste verband hou met ons lewe op aarde en dat hier, in hierdie tydelike werklikheid, die beslissing val vir die ewigheid. Daar is naamlik sowel in die verdoemenis as in die saligheid of ewige vreugde grade en hierdie "gradasie" word bepaal deur ons lewe aan die duskant van die graf. Vergelyk in hierdie opsig Matteus 11:21-24; Matteus 10:14,15; Lukas 12:47, 48; 1 Korintiërs 15:41, 42a.

Die ongelowiges

Ook die siele van die ongelowiges is direk ná hierdie lewe in 'n bewuste toestand. In hulle geval is dit egter 'n toestand van pyn en straf, soos ons dit sien by die ryk man in Lukas 16. Ook in hulle geval is dit egter nog 'n "voorlopige" toestand totdat die siel en die liggaam met mekaar verenig word en die ewige straf aan liggaam en siel voortgaan.

Slotopmerkings

- Ons moet op grond van die Bybel aanvaar dat daar wel 'n weersien van mekaar ná die dood is (vgl. Luk. 16:9; Jes. 14:9, 10; Matt. 17:3). Ons moet egter onthou dat alle aardse verhoudinge daar wegval. Die aardse bande wat ons hier aan mekaar gebind het, bestaan daar nie.
- Die Bybel leer ook nie dat die afgestorwenes bewus is van wat nog hier op die aarde gebeur nie. Hulle mis niks, ken geen verlange of bekommernis nie, maar besit die volkome saligheid, behalwe dat liggaam en siel nog nie weer verenig is nie.

CFCC



V&R Drukkery (Edms) Bpk

Skakel **Ludick Venter** of **Elzabé Vosloo** vir enige navrae

Elandstraat 12, Koedoespoort

E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za

Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643

- kaartjies
- nuusbriewe
- brosjures
- tydskrifte
- kalenders
- sagte- en hardebandboeke
- digitale drukwerk
- grafiese ontwerp

Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!

Sedert 1946 in die Drukkersbedryf

Pretoria FM
hoop, glo, lééf in Afrikaans
WÊRELDWYD

Frekwensie 104.2
DStv-oudiokanaal 887
of luister aanlyn by
www.pretoriafm.co.za

Sondag luistergenot - **06H00 tot 24H00** | 'n Keur van musiek, eredienste en kerknuus

Moenie toelaat dat die leuen jou hoop steel nie

Lees: Genesis 3:1-23

Teks: Genesis 3:1-23

Genesis 3 beskryf vir ons die eerste aanslag van die bose om die mens se hoop te steel.

Daardie vraag in die tuin wat so onskuldig gevra is, het net een doel gehad, naamlik om twyfel by die vrou te skep. “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?”

Op die oog af 'n eenvoudige vraag, maar tog het dit verwoestende gevolge gehad. Hierdie vraag het die waarheid gevat en dit net so 'n bietjie skeefgedraai.

Dit was die sagmaakproses vir die volstrekke leuen wat daarop gevolg het. God het die mens gewaarsku dat ongehoorsaamheid aan sy gebod om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie, die dood tot gevolg sal hê.

Na die eerste sagmaakvraag volg die slang dit op met 'n volstrekke leuen. “Julle sal beslis nie sterf

nie, maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.”

Satan se groot strategie is om jou te laat twyfel. Sy hele doel met hierdie gesprek was om die vrou te laat twyfel deur haar te oortuig dat God nie haar beste belange op die hart dra nie. Dit is 'n strategie wat hy vandag nog gebruik om jou te probeer oorreed dat God se intensies met jou glad nie goed is nie. Hy wys vir jou wat in die leue om jou aangaan.

Hy probeer jou oortuig dat jy God nie kan vertrou om te besluit wat is reg en verkeerd nie, en hy probeer jou omstandighede gebruik om 'n breuk tussen jou en God te veroorsaak. Dinge raak net al hoe slegter. Pryse raak net al hoe duurder. Kyk hoe jy moet sukkel. Kyk na die teëspoed in jou leue.

Hy probeer jou oortuig dat jy God nie kan vertrou nie, sodat jy jou rug op God moet draai.

Omdat Adam en Eva die leuen geglo het, was die gevolge verwoestend vir hulle sowel as vir die hele mensdom. Adam en Eva het vir God probeer wegkruip, want vrees vir God se woede het hulle liefde vir Hom vervang. Daar het 'n breuk in die verhouding gekom, en dit is wat Satan vandag nog met jou wil bereik. Hy wil jou van God vervreem.

Adam en Eva het vir God weggekruip omdat hulle bang was vir Hom. Maar ten spyte van hulle rebelse opstand teen sy gesag het God nie sy rug op hulle gedraai nie. Hy soek hulle op en roep na hulle: “Waar is jy?” Dis nie dat God nie geweet het waar hulle was nie, maar dat Hy steeds na hulle uitreik en steeds vir hulle omgee.

En so hoor ons steeds God se roepstem dwarsdeur die eeue: “Waar is jy?” Hy reik steeds na ons uit omdat Hy vir ons omgee. Moenie Satan se leuen glo dat God nie omgee vir jou nie. Moenie toelaat dat hy jou omstandighede gebruik om jou te oortuig dat God jou verlaat het nie. Jy is nie alleen nie.



Nadat God vir Adam en Eva op die verwoestende gevolge van hulle sonde gewys het, het Hy 'n baken van hoop gegee. Die belofte dat ten spyte van die donker prentjie wat hulle sonde veroorsaak het, daar steeds hoop is. Daar is 'n Verlosser wat hoop bring. Alles is nie hopeloos verlore nie. Daar kom 'n Verlosser wat die boosheid gaan oorwin deur sy lewe daarvoor op te offer, maar ook dat Hy die dood oorwin.

Ons hoor in Genesis 3:20 dat Eva die moeder van alle mense is. Uit haar nageslag is 'n Verlosser gebore wat hoop vir die mensdom gebring het. Ons kan vandag terugkyk na Jesus se geboorte, en dat Hy sy lewe aan die kruis gegee het en vir ons hoop gebring het deurdat Hy die dood oorwin het.

Wanneer jy na jou omstandighede kyk, wanneer jy sien hoe pryse elke maand net hoër en hoër styg. Wanneer die lewe vir jou onmoontlik begin lyk, moenie moed verloor nie. Moenie Satan se leuen glo dat God nie vir jou omgee nie. Kyk na wat God vir jou gedoen het. Hy het sy Seun gestuur sodat dié wat in Hom glo, die ewige lewe kan beërwe.

Jy kan ook in hierdie hoop deel deur in Jesus Christus as jou enigste Verlosser en Saligmaker te glo.

Elkeen van ons staan skuldig voor God, en ons ly as gevolg van ons verkeerde besluite en ook as gevolg van die verkeerde besluite van ander. God neem nie noodwendig jou moeilike omstandighede weg nie, maar Hy is met jou. Die Heilige Gees is elke oomblik van elke dag saam met jou. Hoor jy ook God se roepstem: "Waar is jy?"

Moenie die leuen glo dat God nie vir jou omgee nie. Hou vas aan die waarheid van God se belofte dat Hy jou nooit alleen sal laat nie. Vind jou krag in Hom om jou omstandighede in die oë te kyk en anderkant uit te kom. ^{DK}

Génesis 3:15

Afrikaans 1933-1953

En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.

Calvyn en die gebed (4)

Die rykdom en diepte van die gebed

As ons die uitgebreide hoofstuk 20 van Boek 3 in die Institusie van Calvyn lees, kom ons onder die besef van die rykdom en diepte van die wondergawe van die gebed. In die besinning oor ons gebedslewe is dit gepas dat ons ook altyd weer besin oor die sang in die samekoms van die gemeente.

Spraak en sang in gebed

As daar volgens Calvyn spraak of sang in die gebed voorkom, is dit van geen belang of hou dit geen voordeel by God in as dit nie uit diepe ontroering van die hart kom nie. In werklikheid verwek ons sy toorn teen ons as ons gebede slegs van die punte van ons lippe en uit ons keel kom, want dit beteken dat ons sy heilige Naam misbruik en sy majesteit bespot (3.20.31). Calvyn verwys dan in hierdie verband na Jesaja 29:13, 14 dat die volk se harte ver van hulle gebede was en hoe die Here met hulle sal handel. Nogtans verdoem ons nie spraak en sang volgens Calvyn nie. Intendeel, “ons prys dit sterk aan, mits dit maar met hartsontroering gepaard gaan”. So oefen ons ons verstand om aan God te dink.

Die heerlikheid van God behoort in elke deel van ons liggaam te skitter. Daarom is dit veral paslik dat ons tonge deur sang aan hierdie taak toegesê en gewy is, omdat dit besonderlik geskep is om God se lof te vertel en te verkondig. Die gebruik van die tong

is besonder paslik in openbare gebede wat in die vergadering van gelowiges gedoen word om God, wat ons met een gees en dieselfde geloof dien, almal saam met een stem en asof uit een mond te verheerlik. Hierdeur ontvang elkeen oor en weer van sy broeder sy geloofsbelydenis sodat hulle genooi en opgewek kan word om sy voorbeeld te volg.

Kerksang

Wat die sang in ons kerk betref, volgens Calvyn, staan dit nie alleen vas dat dit 'n baie ou gewoonte is nie, maar ook dat dit onder die apostels gebruik is. Calvyn verwys dan na 1 Korintiërs 14:15 waar Paulus sê: “Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing.” En hy verwys na Kolossense 3:16 waar ons lees: “Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here.” In die eerste plek skryf Paulus dus voor dat die gelowiges met stem en

hart moet sing, en in die tweede plek prys hy geestelike liedere aan sodat vroom mense mekaar daarmee kan opbou.

Dan sê Calvyn: "... as sang aangepas is by die erns wat voor God en die engele betaamlik is, gee dit enersyds aan heilige oefeninge (samekomste) waardigheid en aangenaamheid, en andersyds dra dit baie daartoe by om ons gemoedere tot ware gebeds-ywer op te wek." Die woorde van Calvyn moet ons weer herinner aan die plek wat die kerklied in die ontstaansgeskiedenis van die GKSA ingeneem het. Verder moet ons as kerke met groot erns daarteen waak dat die sang nie vervlak om in die gees van die tyd die mens te vermaak en nie die eer van God vooropstel nie.

Volgens Calvyn moet ons verder waak dat ons ore nie meer op die melodie gestel is as ons harte op die geestelike betekenis van die woorde nie. Calvyn gaan dan verder en sê: "As hierdie matigheid toegepas word, is dit ongetwyfeld 'n baie heilige en heilsame instelling. So is aan die ander kant al die liedere wat vir die aangenaamheid en genot vir ons ore gekomponeer is, nie vir die majesteit van die kerk betaamlik nie, en hulle kan God slegs grootliks misgaag."

'n Gebed moet in die eie taal gedoen word Volgens Calvyn is dit duidelik dat openbare gebede onder Latynsprekendes nie in Grieks en onder Franse of Engelse nie in Latyn gedoen moet word nie, maar in die volkstaal wat algemeen deur die hele vergadering verstaan kan word. Ons kan hierby opmerk dat dit van die grootste belang is dat ons in ons kerkvergaderinge en ander samekomste verseker dat elkeen ook die gebede verstaan en daaraan kan meedoen.

Calvyn sê verder dat dit immers paslik is dat dit tot die stigting van die hele kerk moet geskied. Uit 'n geluid wat nie verstaan word nie, kan daar geen vrug wees nie. Calvyn

verwys dan na 1 Korintiërs 14:16, 17 waar Paulus vra: "Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?" "Want jy dank wel goed, maar die ander een word nie gestig nie."

Weereens met verwysing na 1 Korintiërs 14:15 sê Calvyn dat Paulus vir ons 'n heel ander handelswyse voorskryf. Met die woord "gees" dui Paulus volgens Calvyn daar die besondere gawe van tale aan wat sommiges gehad het, maar die gawe misbruik het, aangesien hulle dit van die verstand, dit is van begrip losgeskeur het. Ons moet volgens Calvyn ten volle daarvan bewus wees dat dit hoegenaamd nie moontlik is, nóg in openbare gebede, nóg in persoonlike gebed dat die tong sonder die hart God baie kan behaag nie. "Buitendien moet ons besef dat ons verstand so deur die vuur van ons gedagtes opgewek moet word dat dit alles wat die tong deur spraak kan uitdruk, ver te bowe moet gaan." Want hoewel die beste gebede soms sonder klank is, gebeur dit nogtans dikwels dat wanneer 'n opbruiing van die ontroering van die verstand plaasvind, die tong in klank en ander ledemate in gebeure sonder eersug uitbars. Calvyn verwys dan hier na wat hy noem Hanna se "onduidelike gefluister" in 1 Samuel 1:13 en ook na die "gebroke en stotterende stemme" van die heiliges. Liggaamsgebare wat gewoonlik in 'n gebed waargeneem word, soos die buig van die knieë en die ontbloting van die kop, is volgens Calvyn oefeninge waardeur ons poog om tot groter eerbied vir God op te styg. ^{CFCC}



Diakonale Konferensie
 Die amp van diaken in 'n Post-Covid wêreld.
 Sprekers: Dr. Hennie van Wyk
 Mnr. Hannes Noëth (Solidariteit Helpende Hand)
 Saterdag 17 September te GK Brits
 Registrasie om 08:30, begin om 09:30
 RSVP 17 Augustus 2022
 Kontak: ds. Nelius van Rooy (071 688 9813)
 ds. Jan-Louis Lee 071 640 6013

R30-00

DIENSTPROEVE VAN DIE GKSA 2022
 DIE PROEVE VAN DIE GKSA 2022
 DIE PROEVE VAN DIE GKSA 2022

Ongelowige verwondering ... *of gelowige bewondering?*

'n Tyd gelede het 'n onderhoudvoerder op 'n Afrikaanse TV-kanaal gesprek gevoer met dr. Ben du Toit, 'n gewese teoloog van die NG Kerk wat sy geloof verloor het, en oor sy reis na ongeloof 'n boek geskryf het. Aan die gesprek het ook twee teoloë van die NG Kerk en een van die AGS deelgeneem. Dr. Du Toit het 'n duidelike getuienis van sy ongeloof gelever en die redes daarvoor aangebied.

Dr. Isak Burger van die AGS het hierdie verlies van geloof toegeskrywe aan die rasonele aard van die gereformeerde tradisie wat daartoe lei dat mense volgens hierdie “rasionele geloof” God nooit regtig ontmoet nie. As jy, volgens hom, God ontmoet en 'n deurleefde verhouding vorm, sal jy God nooit verlaat nie. Daarop het een van die deelnemers van die NG Kerk tereg aangedui dat geloof veel meer is en aangehaal uit Sondag 7 v/a 21 van die Heidelbergse Katagismus, wat leer dat geloof kennis en vertroue is en veel meer as net 'n ontmoeting. Die ander teoloog het waardering uitgespreek vir dr. Du Toit se eerlikheid en uitgewy oor hoe “moeilik” 'n gesprek van hierdie aard is. Veel meer is nie gesê nie.

Anders as dr. Du Toit se belydenis van ongeloof en die redes daarvoor het nie een van die teoloë 'n belydenis van hulle geloof gedoen en die redes daarvoor gegee nie. Ek het 'n duidelike geloofs-belydenis gemis, gedagtig aan die woorde van 1 Petrus 1:15: *Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.*

Dr. Du Toit grond sy ongeloof in die bevindinge van die natuurwetenskappe oor die ontstaan en ontwikkeling van die heelal. Die wetenskap bewys volgens hom dat God in hierdie proses geen plek het nie. God het nie geskep nie. Trouens, die idee

van God is 'n produk van die menslike brein – een van die brein se baie funksies. God het nie die mens geskep na sy beeld nie, die mens skep God na die mens se beeld en vind dan daarin troos en hoop.

Dr. Du Toit sê dan hy vind sy lewenslus in die besef dat hy leef in 'n groot werklikheid waarin God nie bestaan nie, maar waarin alles in harmonie verweef is en dit bring hom in verwondering. Die verwondering word gevoed deur die bevindinge van die wetenskappe. Dié standpunt is natuurlik niks nuuts nie, want dit is die motto van die proses van sekularisme wat oor die afgelope dekades al in Wes-Europa aan die orde is.

Die bevindinge van die natuurwetenskappe is inderdaad interessant en so ook die beelde van die groot ruimtes wat moderne teleskope aanbied. Dan word baie teorieë aangebied waarin duidelike bewysvoering ontbreek. Mense laat hulle vandag maklik deur hierdie teorieë op sleeptou neem, veral omdat dit so “oortuigend” beredeneer en visueel aangebied word. Daarop moet ons bedag wees.

Maar wat sien ons wanneer ons na die beelde oor die wye ruimtes kyk en na die wetenskaplike bevindinge wat bewys kan word? Die natuurpsalms gee die antwoord:

- *Psalm 8: Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het.*
- *Psalm 19: Die hemel getuig van die mag van God, die uitpansel maak die werk van sy hande bekend.*

In baie ander dele van die Skrif leer ons om in die onmeetlike ruimtes die werk van God te sien. Ons word as teoloë op nasionale en internasionale konferensies baie gekonfronteer met die wetenskap,

en daar is ook teoloë wat ingrypende wysigings in die teologie bepleit sodat teologie kan inpas by die wetenskaplike bevindings. Ek het self egter nog geen oortuigende argument gehoor wat die leer oor God se skepping en onderhouding van alle dinge verkeerd bewys nie. Inteendeel, alles wat deur wetenskaplike navorsing bewys word, pas in by wat ons bely oor ons kennis van God (NGB art. 2).

Ons ken Hom deur sy openbaring in die natuur en die skriftuur – die boek van die natuur en die geskrewe Woord. God het alles geskep op sy manier en in sy tyd! Die natuurwetenskap is 'n gawe aan die mens sodat alle mense God kan ken uit sy skeppingswerk. In Romeine 1:20 lees ons: *“Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God sien dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is ...”* Alle mense kan van God weet en in verwondering

leef (Rom. 1:21). Maar dit is nie genoeg nie, omdat baie Hom dan tog nie as God eer en dank nie. Verwondering moet bewondering word. En dit is moontlik, want God wat geskep het, is ook die herskepper. Vir die redding van die skepping kom Hy in Jesus Christus na die wêreld. Jesus Christus sterf as mens aan die kruis, staan op en stuur die Heilige Gees om alles nuut te maak. En uit vrye genade roep Hy mense en gee aan hulle die gawe van geloof sodat hulle verder kan sien en met Hom in 'n verhouding kan tree en aan sy hand deur die lewe stap. Hy ontmoet ons nie net nie, Hy beset ons! Die verwondering word dan bewondering.

Kyk dus na alles wat die natuurwetenskappe bewys en bewonder die Skepper. Loof en prys Hom omdat Hy ons syne gemaak het. 'n Mens sou graag hierdie belydenis tydens die TV-onderhoud wou hoor. ^{DK}

GEREFORMEERDE KERK KOMATIPOORT

WILDSFEES 2022


9 SEPTEMBER 18:00

SPITVLEIS, WILDSPOTTE, AFVAL, PATATS, ANDER BYKOSSE EN NAGEREG

VOLWASSENES R180, KINDERS R90,
KINDERS ONDER 12 GRATIS

KONTAK MARLENE 079 370 9876

Riaan Cruywagen



“Hier volg die nuus ...” – *In U Lig*

Suid-Afrika se bekendste nuusleser beskou die nuuswêreld “In U Lig” vanuit sy ervaring van meer as 50 jaar. Riaan was lank lidmaat en dikwels ook orrelis by die Gereformeerde Kerk Randburg, en nou ná sy veronderstelde aftrede is hy en Riana lidmate van Mosselbaai.

Wyle Fanus Rautenbach het destyds graag in sy program *Flink uit die vere oor die radio* gesê: “Ek lees in vanoggend se Waarheid ...” dat dit of dat gebeur het. Daarmee het hy natuurlik na die oggendkoerant verwys waarvan ’n mens graag sou wou aanneem dat alles wat daarin geskrywe staan, heeltemal geloofwaardig is; dat dit inderdaad die waarheid is.

Die waarheid?

In my uitsaailoopbaan van langer as vyf dekades by die radio en televisie was ek ten nouste by die daaglikse nuusuitsendings betrokke. Die media as draers van die volle waarheid? Helaas, nie altyd nie! Die bekende gesegde dat joernaliste nie toelaat dat feite aan ’n goeie storie afbreuk doen nie, steek selfs vandag nog sy misleidende kop uit in die vorm van halwe waarhede of, nog erger, blatante onwaarhede. Eufemisties gestel, die waarheid word dan te kort gedoen.

Waarom gebeur dit? Sensasie is dikwels ’n onweerstaanbare lokmiddel

Riaan Cruywagen, ons bekendste gesig op televisie.



en dryfveer, want dit stimuleer sirkulasiesyfers en kyker- en luistertalle, wat meer geld deur advertensies laat inrol. Die doel heilig dus die middel. Mammon, die geldgod, trek die toutjies.

Die halwe waarheid

Iemand het by geleentheid gesê: “’n Halwe waarheid is ’n volle leuen.” Tog is dit in die harde nuuswêreld soms nodig om bepaalde waarhede te sensureer, veral as dit tot die aanhitsing van geweld, die bedreiging van openbare orde en veiligheid, die ontstaan van paniek en dergelike onverkwiklikhede aanleiding kan gee. Om egter halwe waarhede te verkondig ter bevordering van bepaalde sienswyses of vir politieke gewin, maak van die waarheid ’n misleiding, ’n bespotting. Of selfs ’n leuen. En die Bybel leer ons in Johannes 8:44 dat die duivel die vader van die leuen is.

Die vraag ontstaan by baie mense: Wat is waarheid dan? Woordeboeke verklaar die begrip as iets wat met feite ooreenstem; ’n beginsel wat algemeen as waar en korrek aanvaar word. Vir die Christen het dit ’n veel dieper betekenis, want Jesus is die weg en die waarheid en die lewe sonder Wie niemand na die Vader kan kom nie (Joh. 14:6).

Sy woord is tewens die waarheid wat die weg vir ons aanwys (Joh. 17:17).

Die “eerlike waarheid”?

Daar is seker min begrippe waarmee daar so kwistig en ekonomies omgegaan word soos met die waarheid. Party mense sê selfs onnadenkend “om die eerlike waarheid te sê ...” Is daar dan iets soos oneerlike waarheid? Dalk wel, vermom as ’n sogenaamde “wit leuen” om ’n goeie doel te bereik. Dikwels verloor effektiewe wit leuens egter hulle onskuldige wit kleed wanneer iemand naderhand uit gewoonte leuens begin vertel. Dan is die waarheid soos ’n baba wat met die badwater uitgegooi is. Die Bybel waarsku ons in Lukas 12:2 dat “daar niks (is) wat nie geopenbaar sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie.”

Die slegte nuus

In die harde, ongenaakbare wêreld van nuus en aktualiteit is dit seker so dat opspraakwekkende, sensasionele gebeure verreweg die meeste prominensie in nuusuitsendings (en op koerante se voorblaaie) geniet. Die mens is van nature nuuskierig en word aangegryp deur die groteske, die ontstellende, die onverwagte, die oorweldigende, eerder as die alledaagse. Natuurrampe soos aardbewings en oorstromings, moord en doodslag, vliegtuig-ongelukke, rooftogte, skandale en wie weet wat nog, gryp die verbeelding aan en word onderwerpe van debat en gespreksvoering. Ek het nog nooit ’n berig teëgekom wat lui dat “40 000 passasiersvliegtuie vandag wêreldwyd veilig opgestyg en geland” het nie. Maar laat net



Riaan en Riana by ds. Nico Botha, 51 jaar gelede in die Gereformeerde Kerk Randburg.

een van hulle verongeluk of ’n ernstige probleem in die lug beleef, en dit is hoofnuus.

Positiewe nuus

Is daar dan nie ruimte vir en ’n behoefte aan meer goeie, positiewe nuus nie? Die daaglikse oordosis slegte nuus kan ’n mens immers neerslagtig maak. Trouens, ek kom al hoe meer mense teë wat hoogs selektief televisie kyk, radio luister en koerant lees. Dit is asof hulle die gedetailleerde besonderhede van slegte nuus doelbewus wil afweer.

Dit het my en ’n kollega ’n tyd gelede genoop om ’n voorstel in te dien vir ’n weeklikse televisieprogram, getiteld *En nou, die goeie nuus!* Daarin wou ons slegs positiewe gebeure in die samelewing weerspieël (waarvan daar werklik baie is), maar wat meestal deur die hoofstroommedia agterweë gelaat word. Die voorstel is as lofwaardig bestempel, maar afgekeur omdat die kykers glo nie in goeie nuus belang sou stel nie. Regtig? Nou toe nou.

Die Goeie Nuus: Dié Waarheid

Intussen het elke Christengelowige lankal met groot blydschap en vreugde kennis geneem van die heel beste nuusgebeurtenis ooit in die geskiedenis van die mensdom – toe God meer as 2000 jaar gelede uit sy onbeskryflik heerlike hemelwoning in die Persoon van sy eniggebore Seun, Jesus, na die aarde neergedaal het om ons van ons sondeskuld te kom bevry deur aan die kruis met sy kosbare bloed vir ons oortredinge te betaal. “Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Joh. 3:16). Dit is die heuglikste nuus van alle tye, die evangelie (“Goeie Nuus”), en die waarheid daarvan bly ewig staan: Immanuel – God is met ons! ^{DK}

Johan Retief se reis is nog nie voltooi nie ...

'n Reaksie op sy boek "Die slegte nuus van die evangelie – my reis na verlossing"

In die vorige uitgawe se Brandpunt-artikel het prof. Stoker in sy bespreking van die genoemde boek van Johan Retief 'n aantal vrae gevra na aanleiding van die aanvalle van Retief op dit wat ons as Christene glo. In hierdie artikel word die antwoorde gegee. – Red.

Antwoorde

Weens die beperkte ruimte van die artikel kan nie op al die aanvalle van Retief op dit wat ons as Christene glo, geantwoord word nie. Dit sal goed wees as lesers na Christelik-apologetiese webtuistes gaan waar goeie antwoorde gegee word, soos:

Binnelands:

- Antwoord – <https://www.antwoord.org.za>
- Apologetics Central Afrikaans – <https://af.apologeticscentral.org>
- Glo die Bybel – <https://www.glodiebybel.co.za>
- Ratio Christi SA – <https://ratiochristi.co.za/>

Buitelands:

- CARM – <https://carm.org>
- Alpha & Omega – <https://www.aomin.org>
- Apologetics315 – <https://apologetics315.com>
- Apologia Studios – <https://www.apologiastudios.com>
- Cold Case Christianity – <https://coldcasechristianity.com>
- John Frame & Vern Poythress – <https://frame-poythress.org>
- Stand to reason – <https://www.str.org>

Vir Retief se aanhoudende vraag oor wat nou eintlik die Bybel is, kan die lesers gerus ds. Marnix Boersema se reaksie hierop lees:

- <https://www.scriptura.co.za/2022/06/sola-scriptura-maar-wie-se-scriptura/>

Jesus se opstanding ná sy dood aan die kruis, soos dit in die Bybel opgeteken is, is 'n feit waarvoor die eerste Christene bereid was om hulle lewe te gee. Hulle het geweet dat sy versekering dat Hy die dood oorwin het, waar is. Die dissipels, asook die honderde mense wat Hom geken het en gesien het in die 40 dae ná sy opstanding (vgl. 1 Kor. 15), was so seker daarvan dat hulle verskriklike lyding en selfs

die dood deurgegaan het, terwyl hulle dit bly verkondig het (vgl. Stefanus in Hand. 7). Dit sal nie sin maak dat hulle daarvoor sou jok nie. Mense jok nie om in die moeilikheid te kom nie, maar om uit die moeilikheid te kom.

In plaas daarvan om die opstanding van ons Here te erken, spekuleer Retief (sonder enige bewyse en 2000 jaar later) daaroor dat Jesus moontlik aan die kruis maar net in 'n diepe beswyming was, dat Hy ná die kruisiging herstel het (sonder dat die Jode of die Romeine dit verhoed of agtergekom het) en toe na Indië vertrek het om uiteindelik daar te sterf. Boonop skryf hy op bladsy 135 dat "dit die Joodse gewoonte was om mense te kruisig" – iets wat doodgewoon nie waar is van die Jode nie.

Hierdie verwerping van ons Here se opstanding uit die dood maak eenvoudig nie sin nie, soos die bekende CS Lewis meer as 'n eeu gelede al duidelik aangetoon het in sy boek *"Mere Christianity"* (beskikbaar op internet).

Juis die feitlike opstanding uit die dood het mense van die begin van die Christendom af tot

geloof in Hom gebring. Dit het steeds eeue later mense soos CS Lewis (wat eers 'n ateïs was) gebring tot erkenning dat die Here Jesus (in die woorde van die eens-twyfelende Tomas in Joh. 20:28) *Here en God* is. Dit is opvallend dat Jesus in Johannes 20 positief reageer op Tomas se woorde en die belangrikheid daarvan beklemtoon (Joh. 20:29). (Dié wat 'n verdere studie oor die opstanding van ons Here wil maak, kan gerus begin by die indieptestudie van Gary Habermas hieroor (gegewens op die internet beskikbaar).

'n Ander argument wat Retief teen die Christendom gebruik, soos ook verwoord in sy gesprek met Netwerk24, is dat in Europese lande waar die Christendom besig is om af te neem (soos Noorweë) dit moreel goed gaan, terwyl in Suid-Afrika waar baie sê dat hulle Christene is, dit op morele gebied sleg gaan.

Die vraag wat aan mense soos Retief gevra kan word wat hierdie soort argumente gebruik, is waarop hulle hul idee van goed of sleg baseer. Is moord en magsmisbruik nie juis waarby 'n ateïsties-evolutionistiese wêreldbeskouing 'n mens uitbring nie? Is dit nie die magtige wat die magtelose uitkakel in "survival of the fittest" nie? Terwyl selfsug, magsvergryp, moord en korrupsie wesentlik deel van 'n evolutionistiese, naturalistiese wêreldbeskouing is, is die Bybel vol van talle duidelike uitsprake daarteen. As gelowiges nie leef soos hulle behoort nie, is hulle verkeerd en nie die Bybel nie.

Die onlangse geskiedenis van die wêreld wys wat kan gebeur as mense met ateïstiese beskouings mag kry. Dink maar aan die miljoene Russe wat vermoor is deur die ateïstiese Russiese leier Stalin, hoe Pol Pot in Kambodja omtrent 'n vyfde van die bevolking uitgewis het, die ateïstiese leier Mao Zedong se moor van miljoene Sjinese (party kenners praat selfs van 70 miljoen), Hitler in Duitsland, Idi Amin in Uganda, Kim Jong-il en Kim Jong-un in Noord-Korea.

Ateïsme is geen verlossing soos wat Retief dit wil voorhou nie. Dit poog om jou los te maak van jou Skepper en die doel van jou bestaan. Dit is om slaaf van jou eie (of ander) se idees te word.

Ware verlossing in Jesus Christus hou in dat jy van die oorheersing van jou selfsug en gepaardgaande eie belange loskom. Ons word deur die Heilige Gees verander tot nuwe mense, wat vreugde daarin vind om mense te wees wat die Here bedoel het ons moet wees!

Emosie

Met verwysing na die boek van Retief merk een van my kollegas op: *"Ons kan almal sulke boeke skryf, as ons vanweë God se almag en misterieuse werking nie ons sin kry nie."* Maar die skryf van so 'n boek is nie verlossend nie.

In ons werk oor jare onder mense vasgevang in kultes en ander dwaalleer, ervaar 'n mens telkens hoe moeilik en dikwels onmoontlik dit is om met net logiese redenasies (dit waarop Retief aandring) deur te dring na hierdie mense. Natuurlik moet daar logiese redenasie wees, soos hierbo gesien kan word. Daar moet egter ook aandag gegee word aan *die rede waarom die persoon onder die invloed van 'n spesifieke groep of denkrigting gekom het*, sodat dit aangespreek kan word. Hierdie rede lê baie dikwels ten diepste op 'n emosionele terrein.

In sy gesprek met 'n joernalis oor sy boek, stel Retief dat sy ateïsme hom verlos het van *"die religieuse depressie wat my so knaend gery het"*. Hy erken dat hierdie depressie van sy kinderdae af kom en verwys spesifiek na gebeure toe hy ses was – iets wat al die jare in sy onderbewussyn gebly het. Dit blyk dat hy steeds aggressief voel teenoor die persoon en hy wens dat hy die persoon in die hande kan kry. So het hy soekend na waarheid en met 'n religieuse depressie teologie gaan studeer.

"Dis dieselfde motivering wat my nou gebring het by 'n ander uitkoms" sê hy in 'n onderhoud. Sy eie emosionele worsteling van kindwees af het hom uiteindelik by 'n valse verlossing uitgebring.

Hierdie besef help dat 'n mens met liefde kan kyk na hierdie mens wat uiteindelik nie by God uitgekom het nie. Dit maak dat 'n mens so graag *'n laaste deel van die pad saam met hom wil "reis" ... na ons Here toe* (sien Mark. 10:21). ^{DK}

Sinodeskatte – 7

SINODE 1879



Sinode 1879 vind plaas op Maandag 5 Mei 1879 te Burgersdorp. Die afgevaardigdes verteenwoordig 19 gemeentes – 11 predikante en 35 ouderlinge.




Die voorsitter is ds. MPA Coetsee (jnr) (links), ds. J Lion Cachet is visevoorsitter en die skribaar is ds. JL Maury (regs onder) en ds. WJ Snijman. Die gekose voorsitter lees uit Psalm 133 en praat daarna oor die treurige gebeurtenis wat ná die vorige Sinode (1876) plaasgevind het, naamlik 'n skeuring van lidmate en hulle predikant, maar ook oor blydschap van nog 'n broeder wat tot proponent gepromoveer is – *“wij hebben dus rijke stof om God te loven. Niettegenstaande eene zware beproeving, heeft Hij ons echter gezegend boven bidden en denken”*.

Op Sinode 1876 is daar gerapporteer van lidmate wat na Ovamboland verhuis – hulle staan later bekend as die Dorslandtrekkers. By Sinode 1879 is daar 'n vraag wat deur die Sinode “gedaan kan worden in belang van de emigranten”?

Die voorstelle wat ter tafel geneem is, word breedvoerig bespreek, waarna die vergadering tot stemming oorgaan en die volgende voorstel met 'n meerderheid van stemme aanvaar word:

- Dat 'n kommissie benoem word om “de belangen der emigranten te bevorderen”.
- Die Sinode gee die kommissie die reg om iemand uit “onze kerk” te benoem om die trekkers te besoek indien dit moontlik sou wees.
- Die middele om uitvoering aan die plan te gee, is 'n “vrije collecte”.

Ds. Lion Cachet deel die Sinode mee toe hy die trekkmense aan die Krokodilrivier besoek het “zich nog bleven beschouwen als eene gemeente der Geref. Kerk”. Ds. Lion Cachet het daar ouderlinge en diakens laat verkies en bevestig en voorgestel dat hulle fondse bymekaar maak om 'n leraar te kan versorg. Hy sê ook dat die trekkmense nie getrek het omdat hulle iets teen die kerk gehad het nie. Daarom vra ds. Lion Cachet ook wat kan “zij voor die menschen in hunne geestelijke belangen doen?”



Die predikant van Rustenburg “zegt dat de menschen wenschen genoemd te worden de trekkende gemeente der Geref. Kerk”. Hy noem ook verder van die ellende wat hierdie trekkers ondergaan het – hoe hulle dors was – dat van die trekkers van hulle goed agter moes laat en te voet verder getrek het.

Op hierdie sinode word ook weer 'n aantal beskrywingspunte hanteer – die bepaling van die minimum ouderdom vir belydenisaflegging, die formule vir doop en erkenning daarvan, die bediening van die doop aan 'n sterwende kind.



'n Interessante beskrywingspunt het gegaan oor die kleredrag van 'n predikant – manel en bef.


Hieroor het die Sinode besluit “de Synode kent onder het N. Testament geen ambtsgewaad voor de bedienaren des goddelijken Woords; en kan alzoo ook niets voorschrijven, dan dat de leerraren zich in alles dienen te gedragen zooals er staat in 1 Tim. 4:12 en Tit. 2.7, 8”.

In artikel 200 (p. 68) lees ons van die voorstel van ds. D Postma

en wat aanvaar is – “De Synode wekt al de gemeenten op, bij het verlaten van de kerk, elk naar vermogen zijne bijdragen mede te deelen voor kerk en armen, volgens 1 Kor. 16:2.”

Woensdagmiddag 21 Mei 1879 word die vergadering met die sing van Psalm 71:10 en 11 en Psalm 72:11, en gebed deur ds. Postma afgesluit. ^{DK}





GEREFORMEERDE ONDERWYS

HOEKOM? (5)

In ons eerste drie artikels het ons die teorie van gereformeerde onderwys ondersoek, en onder andere gesien dat die kweek van 'n gereformeerde wêreldbeskouing noodsaaklik is vir die opvoeding van ons kinders ooreenkomstig ons doopbelofte, dat 'n skool wat nie 'n Christelike wêreldbeskouing in sy vakinhoud na vore laat kom nie, nie kan meewerk in die vestiging van die korrekte wêreldbeskouing nie; en dat die ouers primêr verantwoordelik is vir die opvoeding van die kinders, maar dat hulle twee hulpmiddele tot hulle beskikking het, naamlik die kerk en die skool. In ons vierde artikel het ons spesifieke vrae rondom gereformeerde onderwys beantwoord.

In hierdie laaste artikel wil ons dan spesifiek kyk na hoe ons elkeen, ongeag ons omstandighede, deel kan neem aan die bevordering van gereformeerde onderwys.

Eerstens, en die mees belangrike, is voorbidding. Ons kan elkeen, ongeag ons finansiële posisie, gesondheidstoestand of sosiale omstandighede, steeds voorbidding doen by ons Hemelse Vader spesifiek vir gereformeerde onderwys, ons skole, onderwysers en kinders, en ook vir die res van ons skoolstelsel. Die Here roep ons op om ons behoeftes met voorbidding, smeking en danksegging aan Hom bekend te maak (1 Tim. 2:1-2) – daarom kan en moet ons daarmee aanhou.

Die tweede ding wat ons kan doen, is natuurlik om ons kinders in te skryf by 'n gereformeerde skool, indien dit enigsins prakties moontlik is. Baie maal sal dit 'n mate van opoffering verg – die skool is dalk verder weg as die naaste staatskool, of die skoolfonds is bietjie meer.

Die Here verseker ons egter dat ons ons kruis moet opneem en Hom volg (Matt. 16:24), met ander woorde, dat ons onself moet verloën. Dit is nie noodwendig altyd vir ons as mense maklik en lekker om Hom te volg nie, maar Hy belowe tog ook dat Hy alles, ook hierdie opofferings, ten goede vir ons sal laat meewerk (Rom. 8:28). Ons kan dan ook familie, kinders en kleinkinders aanspoor en op verskillende maniere ondersteun om dit vir hulle moontlik te maak om vir hulle kinders gereformeerde onderwys te kan gee.

Derdens, raak betrokke by jou plaaslike gereformeerde skool, selfs al het jy nie (meer) kinders op skool daar nie: meeste skole is baie dankbaar vir hulp, want daar is meestal meer werk as beskikbare hande. Daardie hulp kan 'n wye verskeidenheid aspekte dek, vanaf instandhouding, bemaking, en finansies tot selfs om sport- of kultuuraktiwiteite aan te bied. 'n Boekhouer kan byvoorbeeld aanbied om die skool se boeke gratis op datum te hou, iemand met tuindienste kan aanbied om een maal per week die gras te kom sny. Die opsies is legio. Deur dit te doen, maak ons dan nie net die skoolbestuur nie, maar ook die ouers en onderwysers se las ligter, en help ons veral die onderwysers om te fokus op die spesifieke taak waarvoor die Here hulle geroep het.

'n Verdere manier om betrokke te raak, is natuurlik met finansiële hulp. Daardie hulp kan baie vorme aanneem. Dink byvoorbeeld aan borgskappe, in geld of goedere. Dalk kan 'n Bybelstudiegroep saam onderneem om 'n jaar lank 'n kind se skoolfonds te

borg. Versoek miskien die plaaslike gemeente om een of meer kollekte vir die gereformeerde skool opsy te sit. Deur op verskillende plekke finansiële hulp aan te bied, word die las wat op die ouers rus, baie ligter gemaak.

In die vyfde plek kan mens ook betrokke raak by instansies wat gereformeerde onderwys ondersteun en uitbou. Hier is veral die werk wat die Instituut vir Christelike Onderwys (ICO) doen, van onskatbare waarde. Daar word voortdurend ook gereformeerde onderwysers opgelei by AROS (Aksie Reformatoriese Onderwys en Studie) in Pretoria. Hulle bied verskeie kwalifikasies vir voornemende gereformeerde onderwysers. Deur hierdie instansies te ondersteun, word gehelp om gereformeerde onderwys in die algemeen te bevorder. Selfs mense wat self in die onderwys is, kan betrokke wees deur te help met die uitbreiding van bestaande leerplanne.

Waar daar genoeg belangstelling in 'n gemeenskap is, kan mens selfs 'n nuwe gereformeerde skool oprig. Meeste gereformeerde skole is ouergedrewe, en deur die ouers self tot stand gebring. Die Gereformeerde Laerskool Bellville is 45 jaar gelede deur 'n groep ouers gestig, wat naweke self gebou het aan die skoolgebou. Die Gereformeerde Skool Wolmaransstad het in 2018 sy deure geopen.

Vra die vraag oor gereformeerde onderwys ook aan u plaaslike kerkraad. Die pad hiervoor kan miskien wees deur die plaaslike kerkraad te vra hoe hy sy opdrag in Artikel 21 van ons kerkorde uitleef. In hierdie artikel van ons kerkorde het ons as gereformeerde kerke met mekaar afgespreek dat kerkrade sal toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied. Met ander woorde, kerkrade is verantwoordelik om ook seker te maak hoe die stand van onderwys in die gemeente is.

Ons hoop dat hierdie artikel u kon help om aan kreatiewe maniere te dink om gereformeerde onderwys te ondersteun, selfs al het u nie skoolgaande kinders nie, of al woon u ver van die naaste gereformeerde skool af.


Indien u verder wonder, vra gerus u naaste gereformeerde skool vir 'n gesprek, of gesels met ouers wie se kinders in 'n gereformeerde skool is of was oor hoe om ondersteuning te gee. ^{DK}

Dr. MN Hermann (Marthinus)

(Uit die boek: "Gekroon tot diens – Bybelse beginsels en riglyne vir bestuur", 2012, Griffel Uitgewery, Kaapstad)

Gekroon tot diens (3)

Onderzoek en leer



“Selfs ywer sonder kennis is nie goed nie” (Spr. 19:2)

Daar is oneindig baie geheime opgesluit in ons omgewing: in die materie, die heelal, in mense, plante en diere. Die mens se opdrag was om die aarde te onderwerp en te heers oor alles wat lewe. In die uitvoering hiervan ondersoek navorsers liggaam en gees, plante, diere, virusse, dinge op, bo en onder die aarde. Die ondersoekers fokus op sonnestelsels, kragte, genetiese ordening, asook biochemiese en ander prosesse. Deur hierdie ondersoek of navorsing ontsluit ons as mense die geheime van die natuur.

Só bring navorsingsinrigtings wêreldwyd op 'n daaglikse basis nuwe inligting na vore. Dit skep en slyp nuwe vaardighede, tegnologieë en produkte. Hierdie nuwe kennis het 'n ingrypende invloed op ons omgewing, asook op die opbrengste, gehalte en goedhou vermoë van ons produkte. Dit beïnvloed drasties ons lewe, lewensjare en lewenskwaliteit, asook ons denke en geloof. Kundiges, skole, universiteite en ander onderwys- en opleidingsinstellings dra hierdie kennis aan jonk en oud oor.

Kennisontwikkeling is krities belangrik. Dit is belangrik dat leiers, ministers, direksies, hoofde en ouers navorsing, die ontwikkeling en oordrag van kennis, asook ontwikkeling en slyp van vaardighede sien as 'n kernfunksie van bestuur – andersins sal die wêreld en die toekoms by hulle verbyspoed.

Tekort aan vaardighede is in Suid-Afrika, en veel meer in ander Afrikalande asook in baie ander lande in die wêreld, 'n belangrike faktor wat die skepping van welvaart beperk. Daar word gesê kennis is mag. Dit is wel so, maar kennis is ook voorspoed, kennis is ook welvaart. Daarom sal bestuurskennis en -vaardighede toenemend state, besighede, organisasies en instellings van mekaar begin onderskei. Veral die sogenaamde “ontwikkellende lande” het hier 'n probleem. Hierdie lande raak toenemend agter. Die rede is dat die middele, kennis en wil vir navorsing, ontwikkeling en opleiding grootliks ontbreek.

Daar is besighede wat neig om grootliks kennis en mense met kennis te koop, en nie self kennis te ontwikkel of opleiding te doen nie. Sulke besighede sal altyd 'n paar treë agter wees. Mettertyd is hulle só

ver agter dat hulle dink hulle hardloop voor. Hulle sal verdwyn, kwyn, of uiteindelik oorgeneem word. Dit geld ook vir lande waar daar in die hedendaagse wêreld nie meer staatkundige oornames is nie, maar wel *ekonomiese* oornames deur globale maatskappye, banke en ontwikkelingshulp.

Daar word verwag dat die wêreldbevolking in 2030 meer as 8 miljard sal wees en dat 5 miljard in stede sal woon. Daar gaan uiteraard geweldige druk op infrastruktuur soos paaie, lugdienste, hawens, spoorlyne en kragvoorsiening wees. Die voorsiening van basiese dienste soos voedsel, klere, water, riolering, vullisverwydering, olie, gas, kommunikasiefasiliteite, alles denkbaar gaan skerp in fokus kom. Dit sal vaardighede en kennis verg wat ongekend sal wees.

In Suid-Afrika ervaar ons die gebrek aan kennis en vaardighede baie sigbaar in die agteruitgang van paaie, kragonderbrekings, waterbesoedeling, rioolhantering, gesondheidsdienste, dienslewering en administrasie, en toenemend ook in die voorsiening van voedsel.

Ware, ingeligte geloof gevra. Al hierdie nuwe inligting, kennis en vereistes gaan ook druk op ons geestelike welsyn plaas. Ons kennis van die Bybel en ons geloofsleer sal toenemend getoets word. Daarom sal die verbreding en verdieping van geloofskennis 'n al belangriker deel van mense se geloofslawe word. Dit sal nie help om net na godsdienstige belewing, massabyeenkomste, die opwekking van gevoel en emosie of verlange na die ver hiernamaals te ontvlug nie. Kennis en nog meer kennis, veral insig, gaan noodsaaklik word.

So nie, sal van ons gesê word: *Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis* (Jes. 5:13). Sien ons dit nie reeds gebeur nie? Die gebrek aan kennis en die verwildering?

Selfs in 'n Christen se geloofslawe is kennis as deel van 'n ware geloof 'n basiese vereiste. 'n Ware geloof behels immers nie slegs “vasstaande kennis” waardeur ek alles wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, vir waar aanvaar nie, maar ook 'n vaste vertrouwe ...” (HK v/a 21). Dit wil sê kennis en vertrouwe is nodig; nie net vertrouwe nie – kennis van die Bybel en oor die inhoud van ons geloof.

Dit wil sê die *leer of onderrig* van kinders maak in die Christelike lewe 'n kernfunksie van ouers se bestuur uit en is nie 'n bysaak nie. Doop is dus nie slegs 'n geestelike, hartroerende en aangrypende gebeurtenis en daarna is dit verby nie. Die doop voor die gemeente plaas 'n plig op ouers as verbonds-hoofde en *gesinsbestuurders* om hulle kinders in die geloof te leer.

Hoewel die oordrag van kennis deur Christenouers 'n geloofsvereiste is, word hierdie taak toenemend verwaarloos. Ouers het gewoon geraak om die taak aan die kerk en skool oor te laat, en het dikwels self min gedoen. Hedendaagse staatskole is op die beste neutraal en gebruik al meer leerstof wat vir Christenouers onaanvaarbaar behoort te wees. In die lig hiervan word die ouers en die kerke se verantwoordelikheid al hoe groter.

Daar is 'n gejaagde en vol lewe by ouers en kinders, en daarby 'n vervlakking by baie kerke. Dit bring ongelukkig mee dat die onderrig en leer van kinders agterweë bly. Daarom is dit nie verbasend nie dat daar soveel onkunde oor geloofsleer bestaan en daar so baie teenoor kerke gekla word oor onverskilligheid van die jeug. Die oplossing hiervoor word meestal gesoek in groter emosionele appèl en spesiale jeugdendienste met 'n "moderne aanslag". Intussen verskraal kennis oor beginsels en kernwaarhede.

Bybelkennis, kennis van geloofsleer en Christelike etiek word toenemend belangrik. Dit is nodig sodat jongmense en ook volwassenes die massas nuwe inligting oor die natuur en die skepping in perspektief kan sien. Hierdeur kan gelowiges rigting gee in 'n verwarde wêreld.

Daaglikse leer en onderrig

Ons kan in baie plekke in die Bybel lees oor leer: leer in die geloofslawe, maar ook leer van mense om hulle daaglikse taak uit te voer. Lees in hierdie verband Psalm 25:5, 8, 9, 12: "Lei my in u waarheid en leer my. Die Here is goed en reg: daarom sal Hy sondaars leer aangaande die weg." Lees ook Psalm 32:8, Lukas 3:23, Matteus 4:23 en 7:28-29.

Die noodsaak van kennis en van leer in en vir die daaglikse bestaan was reeds in die Bybelse tye 'n saak waaraan voorrang verleen is.

Moses se skoonvader, Jetro, gee aan hom wenke

oor sy bestuurstyl en beveel aan dat hy moet delegeer, maar die onderrigfunksie moet bly behou (Eks. 18:20). Lees ook die bekende Deuteronomium 6:6-7.

Onderwys in Suid-Afrika

In Suid-Afrika raak skoolopleiding net meer onbevredigend. Uitkomsgebaseerde onderwys, saam met nuwe leerplanne en vakinhoud, het skynbaar agteruitgang in plaas van vooruitgang gebring. Dit geld veral vir skole waar onderwysers nie genoegsame opleiding of middele, en ouers en kinders ook nie die nodige kennisbronne tot hulle beskikking het nie.

Kinders en studente word verder 'n onreg aangedoen met die strewe na of afdwing van Engels as onderrigmedium. Goeie vaardigheid in Engels is vanselfsprekend, maar lande met sterk kulture en ekonomieë gebruik hulle eie tale in die onderrig van hulle kinders en studente. Dit is normaalweg die veroweraar wat sy taal afdwing, soos Nebukadnesar vir Daniël en sy vriende in die Chaldeese skrif en taal laat oplei het.

Karakter en etiese waardes

Nie net feitekennis nie, maar ook die bou van karakter en etiese waardes is onontbeerlik. Die hele Spreukeboek is eintlik 'n bundel vir opleiding in lewenswaardes, met geloof as basis. Goeie bestuurders weet dat die oordra en ontwikkeling van kennis, en geleenthede om kennis uit te brei en te verdiep, nooit ophou nie. Dit geld ook vir die leier, ouer of bestuurder wat die proses hanteer.

Vakkundigheid

Vakkundige opleiding, die opleiding van mense in die siviele, meganiese, elektriese, elektroniese, voedsel- en talle ander bedrywe is tans grootliks die privaatsektor se verantwoordelikheid. Ons kan dit nie oorbeklemtoon nie: navorsing, studie en opleiding is 'n kernfunksie van bestuur. Kennis en nogmaals kennis, plus vaardighede bepaal 'n gesin, 'n onderwysinrigting, 'n besigheid, of 'n land se sukses.

Die belangrikste aanwyser oor kennis lees ons in die Bybel: "Die vrees van die Here is die beginsel van kennis" (Spr. 1:7). ^{DK}

DOODSBERIGTE



Mev. Anna Scheepers, weduwe van wyle ds. Giepie Scheepers – emerituspredikant van GK Thabazimbi – is oorlede op 14 Augustus 2022.

Simpatiebetuiging aan ...

die familie van wyle mev. Anna Scheepers: prof. Louis Botha (TSP – sy suster), ds. Lukas en Tharina Scheepers (emerituspredikant van GK Sannieshof – sy moeder) en ds. Neels Malan (emerituspredikant van GK Bethulie – sy skoonmoeder).

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore met hulle verjaardae in September

- 1 September: Ds. MA Modise (Abel) – GK Kwa Thema/Ratanda/Tsakane
- 1 September: Dr. MA Sekhalelo (Amos) – GK Mmakau
- 6 September: Ds. CJJ Putter (Jaco) – GK Potgietersrus
- 8 September: Dr. PJ de Bruyn (Paul) – GK Windhoek-Suid
- 8 September: Ds. HFR Pelser (Riekert) – GK Kemptonpark
- 10 September: Ds. H Reinecke (Hennie) – GK Kuruman
- 11 September: Prof. J Smit (Johannes) – TSP
- 13 September: Prof. LH Moretsi (Lekgetho) – TSP
- 13 September: Prof. N Vorster (Nico) – Fakulteit Teologie/GK Pretoria-Annlin
- 13 September: Dr. BA de Vries (Brian) – Grace Reformed Church of Northern Pretoria
- 17 September: Ds. FM Dreyer (Frederik) – GK Noordrand
- 17 September: Ds. A Venter (Attie) – GK Pretoria-Annlin
- 17 September: Ds. JH Ehlers (Jan) – GK Meyerton
- 17 September: Ds. JH Kuhn (Jacques) – GK Tsumeb
- 18 September: Ds. SJB Lee (Hannes) – GK Messina
- 21 September: Ds. HB Hattingh (Bernard) – GK

Warmbad

- 22 September: Ds. MS Mbatha (Samuel) – GK KwaNdzindindi
- 22 September: Ds. MN Muhadi (Nathaniel) – GK Middle Letaba
- 22 September: Ds. PA Thebe (Alfred) – GK Boichoko
- 23 September: Dr. WC Vergeer (Wim) – GK Krugersdorp
- 24 September: Ds. PJ van Blerk (Petrus) – GK Rietvallei
- 26 September: Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) – GK Benoni
- 28 September: Ds. S le Cornu (Slabbert) – GK Carletonville
- 30 September: Ds. MJ Erasmus (Thys) – GK Nelspruit

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti/emerituseggenotes/-weduwees met hulle verjaardae in September

- 1 September: Mev. F Ligthelm (Freda) (81), eggenote van ds. GJ Ligthelm (Bertie) – GK Olifantshoek
- 2 September: Mev. SJW van Bommel (Susan), weduwee van ds. H van Bommel (Henk) – GK Vanderbijlpark Trinitas
- 3 September: Mev. KE Rooibaadjie (Elizabeth), eggenote van ds. OI Rooibaadjie (Isaac) – GK Maruping
- 4 September: Ds. GH Stemmer (Henry) (87) – GK Khuma
- 5 September: Mev. FR de Beer (Fransie), eggenote van ds. PGW de Beer (Pieter) – GK Rustenburg
- 5 September: Mev. AH Gower (Riëtte [Kruger]), weduwee van ds. C Kruger (Tiaan) – GK Nelspruit
- 7 September: Mev. MCE Coetsee (Corrie) (82), weduwee van ds. AJ Coetsee (Awie) – GK Meyerton
- 8 September: Mev. ACE Lessing (Annatjie) (86), eggenote van ds. FJ du T Lessing (Francois) – GK Nelspruit
- 9 September: Mev. AS Kruger (Sophie) (84), weduwee van prof. MA Kruger (Andries) – TSP
- 12 September: Prof. JJ Janse van Rensburg (Fika) – TSP

13 September: Mev. MMMJ Venter (Martie) (85), weduwe van ds. J Venter (Japie) – GK Brakpan

14 September: Mev. RG Hope (Rhoda), weduwe van dr. JJL Hope (Jerry) – Bybels Gereformeerde Kerk

18 September: Ds. PJ van der Walt (Peet) – GK Ladybrand

20 September: Ds. DHP Wijnbeek (Dirk) – GK Steynsburg

22 September: Mev. EC Smit (Elsbeth), eggenote van ds. EJ Smit (Rassie) – GK Pretoria-Magalieskruin

22 September: Ds. E Pretorius (Bertie) – GK Pietersburg

24 September: Ds. RL Vorster (Roelf) – GK Odendaalsrus

24 September: Mev. I Maritz (Ingrid), weduwe van ds. WJ Maritz (Willie) – GK Noordrand

24 September: Mev. FE Kirsten (Rika), eggenote van ds. J Kirsten (Koos) – GK Mosselbaai

25 September: Ds. JJ Cloete (Koos) – GK Hermanus

27 September: Ds. JB du Plessis (Jan) – GK Grootfontein

29 September: Ds. DWJ Smit (Danie) – GK Springs

Kerklke administrasie

BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

- Ds. FJ (Frikkie) van Rensburg van GK Rustenburg Kruisberg na GK Vredenburg/Saldanha.
- Ds GP (Gerrie) van Rhyn van GK Komatipoort na GK Wolmaransstad.

Beroepe aanvaar

- Proponent Mduduzi Mahlangu na GK Idwala Lensindiso in Enkumane, Richmond, KwaZulu-Natal.

Beroepe bedank

- Ds. J Dunn (Johan) van GK Keetmanshoop/Ma-riental na GK Bothaville.

BEVESTIGING

Proponent **JH (Jacques) Kuhn** is op 21 Augustus 2022 as predikant van GK Tsumeb bevestig. Die

bevestiging is deur ds. Stephanu de Villiers van GK Grootfontein hanteer. Ds. Kuhn het sy intreepreek direk na sy bevestiging gelewer.



GK Ladybrand – 150 jaar oud



Die Geref. Kerk Ladybrand is hierdie jaar 150 jaar oud. Die naweek van 22 en 23 Oktober 2022 gaan ons groot fees vier. Die volledige program sal later bekendgemaak word. Alle oudlidmate en predikante is welkom

om saam met ons te kom feesvier.

Kontak die volgende persone: Lettie Korb by 083 305 2070 of dr. Frans de Bruyn by 082 776 6826.

Klassisvergaderings

Datum	Dag	Klassis	Roepende Kerkraad
06/09/2022	Dinsdag	KwaZulu-Natal Suid	GK Suidkus
06/09/2022	Dinsdag	Krokodilrivier	GK Brits-Wes
08/09/2022	Donderdag	Etosha	GK Windhoek
10/09/2022	Saterdag	Sentraal Oosrand	GK Kemptonpark-Noord
10/09/2022	Saterdag	Groter Johannesburg	GK Dube en GK Tladi
13/09/2022	Dinsdag	Burgersdorp	GK Burgersdorp
13/09/2022	Dinsdag	Boland	GK Bellville-Oos
13/09/2022	Dinsdag	Griekwaland-Wes	GK Kathu
13/09/2022	Dinsdag	Noord-Vrystaat	GK Thabong Oos
13/09/2022	Dinsdag	Verre Oosrand	GK Daveyton
13/09/2022	Dinsdag	Waterberg	GK Waterberg
17/09/2022	Saterdag	Piet Retief	GK Pongola
20/09/2022	Dinsdag	Pretoria Moot	GK Pretoria
17/10/2022	Maandag	Pretoria Suidwes	GK Centurion

**Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.
E-pos: wymiedup@gksa.co.za**

TARIEWE:

**Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.
Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto.
BTW is ingesluit.
Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.**

VAKANSIE EN VERBLYF

vraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

NATALSE SUIDKUS

UVONGO: LA CRETE SANDS. Moderne en luukse vakansiewoonstel met 'n 180° volle see- en branderuitsig. Reg oorkant die see en reg langs die swemstrand in Uvongo. Eenheid slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; dubbel toesluitmotorhuis; swembad; volle DSTV-pakket; WiFi; volledig toegeruste kombuis insluitende wasmasjien, tuimeldroër en skottelgoedwasser. Skakel Luzelle by 071 686 4639 of stuur 'n e-pos na luzelle@uvongoholidays.co.za en kyk gerus na my webblad by www.uvongoholidays.co.za

DOONSIDE (SHANGRI LA): (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe. Skakel asseblief 012 567 3933. Sel. 082 390 9465. E-pos: lettiefour@gmail.com

WESKAAP / TUINROETE

STELLENBOSCH: KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

GLENTANA: Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers ens., in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R850 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

MPUMALANGA

DULLSTROOM: Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aan-

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN OORNAG: Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

BLOEMFONTEIN: Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

ALLERLEI

BINDWERK: Flink bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

EIENDOM

BURGERSDORP: Plaashuis te huur in die Oos-Kaap. 40 km van Burgersdorp, geleë langs die R56. Geskik vir diegene wat afstandwerk verrig of vir afgetredenes, en geskik vir mense wat oop ruimtes en stilte verkies. Vir navrae, stuur 'n e-pos rosaankruger@gmail.com

SWARTRUGGENS: 'n 3-slaapkamer plaashuis en woonstel is op 'n langtermynbasis beskikbaar vir aktiewe Gereformeerde lidmate. Die woning is in 'n veilige area. Koste betaalbaar is hoofsaaklik die Eskomrekening (ongeveer R3500 in totaal per maand).

Kontak gerus vir Danie op 082 497 6137 of daniel.co.za indien u belangstel.

BOEKE deur prof. VE d'Assonville:

Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard afleweringsof van R100 word gehê vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.

Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060.
Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).

E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za

Dit is Totius (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

SJ du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

Bloedrivier (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Die Groot Diamantroof (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

Die Van der Merwes van Middendeel (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

Generaal de Wet in die Vrededortkoepel (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

Kruger en Rhodes (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

Majuba (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Op die Bodem van die Vaaldam (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevang- en konsentrasiekampe en die

Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

"O Vaalrivier... Broederstroom!" (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

Totius se Oorlogsdagboek (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

Calvyn verdedig sy stad (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

Die boek Openbaring (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

The Book of Revelation (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

Die koms van Christus en die Antichris (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

Die Psalms sing van Christus ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

Gereformeerde Doopsformulier (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

Bakens vir die Kerkgeskiedenis (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

Kerk op die Wit Hooglande ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

Eugène Marais en die Waterberge (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100



JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSQT

Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM


Ons ondersteun graag Die Kerkblad

BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO



R80.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

R65.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R15.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

R8.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Die volgende gesprek met die
redakteur op PretoriaFM vind plaas
op
SONDAG 11 SEPTEMBER 2022.
U kan na PretoriaFM luister
op 104.2 / 106.6 MHZ; of TV-
audiokanaal 887.

**Stuur artikels of briewe aan
Die Kerkblad:
Posbus 20008, Noordbrug 2522;
faks 018 293 1042
E-pos: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)
callie.coetzee@nwu.ac.za (redakteur)**




POTCHEFSTROOM
TEOLOGIESE • THEOLOGICAL
PUBLIKASIES • PUBLICATIONS

POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:

- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begroot is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)



GOD SE GENADIGE VERKIESING – Onderrig en troos van die Dordtse Leerreëls

Redakteur: Francois P Viljoen

Medewerkers:

- Sarel P van der Walt
- Griffel van Wyk
- Albert J Coetsee
- Braam (AJ) Krüger
- Brahm (CB) Robinson

Hierdie publikasie bied die historiese konteks, en die toeligting, besinning en prediking van die Dordtse Leerreëls. Die volgende temas kom aan die orde:

- die historiese konteks van die Dordtse Leerreëls, met spesifieke verwysing na die "Voorwoord" en "Besluit";
- God se voorbeskikking;
- die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood;
- die verdorvenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind; en
- die volharding van die heiliges.

Die vertroue is dat hierdie publikasie daartoe sal bydra dat die rykdom van die Dordtse Leerreëls opnuut in ons kerke en huise waardeur sal word.

PRYS: R95 (posgeld en verpakking uitgesluit)


KAIROI VAN GENADE – Redakteur: Francois P Viljoen

Paulus skryf: "Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken ..." (1 Kor. 13:12). Hier op aarde lyk baie dinge vir ons raaiselagtig, maar God gee vir ons spesiale geleenthede van genade om insig te kry en in ons geloof te groei, terwyl ons daarna uitsien om eendag ten volle te ken. So leer ons Hom beter ken, wil ons Hom eer en wil ons Hom aan die wêreld verkondig.

Vir hierdie publikasie, wat bedoel is vir persoonlike oordenking en prediking, is 'n aantal van hierdie spesiale geleenthede van genade as tema geneem: die bediening van die doop, die nagmaal, die aflegging van geloofsbelydenis, huweliksbevestiging, begraving, bevestiging van diakens en ouderlinge, sending en evangelisasie, en barmhartighedsdiens.

Hierdie geleenthede laat ons iets sien van die volle heerlijkheid wat kom.

PRYS: R50 (posgeld en verpakking uitgesluit)



BESOEK GERUS ONS WEBBLAD

www.ptpboeke.co.za en ons Facebook-blad

Potchefstroom Teologiese Publikasies

BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO

Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za